higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUUR: BOERDERY N5

29 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	B		
	1.1.2	B		
	1.1.3	C		
	1.1.4	D		
	1.1.5	A		
	1.1.6	A		
	1.1.7	C		
	1.1.8	B		
	1.1.9	B		
	1.1.10	A		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Onwaar		
	1.2.3	Waar		
	1.2.4	Waar		
	1.2.5	Waar		
			(5 × 2)	(10)
1.3	1.3.1	Verbruiker		
	1.3.2	Kleinhandelaar		
	1.3.3	Verbruiker		
	1.3.4	Produsent		
	1.3.5	Groothandelaar		
	1.3.6	Kleinhandelaar		
	1.3.7	Agent		
	1.3.8	Kleinhandelaar		
	1.3.9	Agent		
	1.3.10	Groothandelaar		
			(10 × 1)	(10)
				[40]

VRAAG 2

2.1
- Kombinering van produksiefaktore
  'n Sakeonderneming is 'n kreatiewe bedrywigheid wat verskillende produksiefaktore aanwend om die eindresultaat te lewer
- Bepaling van belonings vir produksiefaktore
  Bepaling van die randwaarde van verskillende produksiefaktore wat tydens die produksieproses gebruik word
- Organisatoriese beplanning
  Bestaan uit verskillende funksionele bestuursfasette
- Waagmoed
  Entrepreneur moet bereid wees om waagmoedig te wees met implementering van besluite hoewel die resultaat onbekend en onseker is
- Uitbreiding van onderneming
  Verantwoordelik vir uitbreiding en vooruitgang van onderneming (5 × 2) (10)

2.2
- Skep van nuwe produkte
- Bekendstelling van nuwe produksiemetodes
- Toetrede tot nuwe markte
- Verkryging van nuwe voorraadhulpbronne
- Herorganisering van bedryf (5)

2.3
- Maklik om te begin
- Al die winste behoort aan die eienaar
- Sukses van onderneming hang van eienaar af
- Onderneming word slegs in hande van eienaar belas
- Beëindiging betreklik maklik (5)

2.4
- Dit is maklik en bekostigbaar om 'n vennootskap te stig.
- Vennootskappe word individueel belas volgens hulle onderskeie aandele in die winste van die maatskappy.
- Die bestuur en beheer van vennootskappe word nie deur wetgewing bepaal nie.
- Dit bied die voordeel dat meer as een persoon tot die finansiering en ander bates kan bydra om 'n wedersydse doelwit as teiken te stel.
- Vennote het gewoonlik 'n persoonlike belang in die sukses van die onderneming.
- Ontbinding van 'n vennootskap is betreklik maklik. (Enige 5 × 1) (5)

2.5
- Privaatmaatskappy
- Openbare maatskappy (2)

2.6
- Akte van oprigting
- Akte van inkorporasie (2)

Kopiereg voorbehou

2.7
- 'n Trust word deur middel van 'n testament of 'n kontrak gestig.
- Die trustees beheer die bates namens die begunstigdes volgens die vereistes van die kontrak.
- Die inter-vivos-trust kom tot stand wanneer 'n kontrak deur al die trustees onderteken en aanvaar word. (3 × 2) (6)

2.8
- Betreklik min wetlike voorskrifte rakende die stigting van die onderneming
- Word geskep volgens die behoeftes van die stigter
- Stigter kan riglyne vir die bestuur van die trust voorskryf
- Beter belastingvoordele as maatskappye en beslote korporasies
- Geen regspersoon nie, slegs aparte trustbates blootgestel aan risiko van moontlike mislukking
- Geen beperking op duur van trust (Enige 5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Langtermynbeplanning gerig op ontwikkeling van breë langtermyn-plan om algemene missie van onderneming te verwesenlik (3)

3.1.2
- Tydraamwerk van 3 tot 10 jaar en selfs langer
- Gevestig op al die aspekte van die hele onderneming
- Gerig op toekoms en alle moontlike omgewingsveranderinge
- Voortgesette aanpassing by omgewing
- Breë algemene riglyne van onderneming
- Hulpbronne en kundigheid van boerdery-onderneming gerig op moontlike geleenthede (Enige 5 × 1) (5)

3.1.3
- Twee of meer produksietakke in die boerderybedryf
- Om prys- en opbrengsonsekerhede van enkelproduk te vermy
- Verskillende produkte onderwerp aan verskillende prystendense
- Kombinasie van produksietakke wat tot meer stabiele inkomste bydra
- Skakel mislukking of terugslag in een produksietak uit wat tot alghele ineenstorting van boerdery-onderneming lei (5 × 2) (10)

3.1.4
- Identifisering van hulpbron met grootste beperking
- Beplanning om skaars faktore te vind
- Beplanning van takke om net klein hoeveelhede te benodig (3)

3.2
- Keuse van gewasse
- Produksiestelsel gebruik
- Vlak van tegniese bevoegdhede
- Omvang van produksie
- Insetkoste
- Uitset (Enige 5 × 1) (5)

3.3
- Die omgewing verander voortdurend.
- Faktore in die omgewing kan 'n bedreiging vir die doelwitte en strategie van die boerdery-onderneming wees.
- Bepalende faktore in die omgewing bied geleenthede.
- Groter kans op sukses wanneer die omgewing stelselmatig ontleed word.

(4 × 2) (8)

3.4
- Produksie
- Prys
- Verouderding
- Politiek
- Mense
- Finansies
- Meganies
- Inmenging deur natuur en mense (Enige 6 × 1) (6)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Meester van die hoogeregshof (1)

4.1.2
- Kennisgewing van dood
- Identiteitsdokument
- Doodsertifikaat
- Voorlopige inventaris van die oorledene se bates
- Naasbestaandes (5)

4.1.3
- Veilige bewaring van bates deur intermediêre kurator
- Aanstelling van eksekuteur
- Verhaling van skuld
- Betaling van skuld
- Sien toe dat verdeling behoorlik gedoen word (Enige 4 × 1) (4)

4.2 4.2.1
- Kontraktuele trust
- Testamentêre trust (2 × 2) (4)

4.2.2
- Hanteer trustbates met omsigtigheid en vaardigheid
- Handhaaf goeder trou-verhouding met begunstigdes
- Hou behoorlik verslag en doen verslag aan begunstigdes
- Hou trustbates apart van persoonlike bates (4)

4.2.3
- Bestuur minderjarige se erflating
- Fondse van minderjariges deur bevoegde mense bestuur
- Kundigs betrokke by bestuur van bates en belegging van kontantfondse van boedel
- Voortsetting van boerdery-onderneming beveilig
- Buigsaamheid in die finale verdeling van bates
- Spaar van inkomstebelasting en boedelbelasting (6)

4.3
- Gebruik in plaas van oordrag van eienaarskap van hele eiendom
- Gebruik van die bate tot sy/haar voordeel solank die reg daartoe bestaan
- Reg kan nie aan iemand anders oorgedra word nie
- Waarde van vruggebruik op gegewe tyd vir belastingdoeleindes vir erflating en geskenke is gelyk aan 12% van markwaarde van eiendom
- Hang af van ouderdom van vruggebruik op daardie tydstip (Enige 4 × 2) (8)

4.4
- Moet volledig aan die einde van dokument deur testateur/testatrise onderteken word
- Wanneer testateur nie kan skryf nie, moet iemand anders die testament namens hom/haar onderteken
- Vergesel van sertifikaat van landdros, vrederegter, kommissaris van ede of notaris
- Moet in die teenwoordigheid van minstens TWEE geldige ooggetuies onderteken word
- Ooggetuies moet testament onderteken in teenwoordigheid van testateur of persoon wat namens testateur teken
- AL die bladsye moet volledig deur al die partye onderteken word

(Enige 4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Die premies is belastingaftrekbaar van inkomste tot 'n maksimum bedrag. (2)

5.1.2
- Mag nie afgekoop word nie
- Mag nie aan enigiemand toegeken word nie
- Krediteure kan nie in geval van insolvensie eis nie
- Geskik vir mense wat nie lede van 'n pensioenfonds is nie (6)

5.1.3 Van die ouderdom van 55 (2)

5.2 5.2.1 Uitkeerpolis met lewensdekking
5.2.2 Gewone lewensversekering
5.2.3 Verskansde polis
5.2.4 Suiwer-uitkeerpolis/Uitkeerpolis sonder lewensdekking
5.2.5 Termynpolis

(5 × 2) (10)

5.3 5.3.1
- Verliese weens weerstoestande soos droogtes, oorstromings, hael, wind, ryp, sneeu, donderweer en weerlig✓✓
- Verliese weens plantsiektes✓
- Skade veroorsaak deur wilde diere, brande en aardbewings✓ (4)

5.3.2
- Skade veroorsaak deur nalatigheid
- Swak verbouingspraktyke
- Diefstal van oeste (3)

5.3.3
- Volgens vlak van risiko gebaseer op historiese verliese in die gebied
- Bedrag van kapitaalbelegging per hektaar vir daardie oes
- Potensiële waarde van die oes (3)

5.4 5.4.1
- Beskou as langtermynversekering
- Gemik op dekking teen bepaalde voorval soos dood of bereiking van 'n spesifieke ouderdom
- Voorsiening gemaak vir betaling van 'n spesifieke bedrag
- Daarop gemik om sekerheid aan afhanklikes in die toekoms te verskaf
- Verskaf vergoeding vir werklike verliese wat die versekerde gely het (Enige 4 + 1 toepaslike voorbeeld) (5)

5.4.2
- Beskou as korttermynversekering
- Versekeraar onderneem om die versekerde tot dieselfde finansiële posisie te herstel
- Versekerde word vergoed vir werklike verlies gely
- Versekerde bates moet vir volle waarde verseker wees
- Maksimum bedrag mag nooit die versekerde bedrag oorskry nie (Enige 4 + 1 toepaslike voorbeeld) (5)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou